## REGLEMENT
## OU LÜCKHOFF-BEHEERRAAD (OLBR)

### 1. MANDAAT

1.1 Stellenbosse gemeenskappe is destyds kragtens die Groepsgebiedewet van 1966, een van die pilare van die apartheidstelsel, onder dwang uit die gebied verwyder. Een van die belangrikste instellings van hierdie gemeenskappe was die Lückhoffskool. Die gemeenskappe is van hulle erfenis ontneem en weggeruk uit ’n ruimte waarop hulle in morele sin kon aanspraak maak as hulle eie, om dit te omskep in ’n plek van herinnering en hoop, en ’n pedagogiese instrument om vir altyd die boodskap van hoop, geregtigheid en restitusie uit te dra.

1.2 In die demokratiese era ná die beëindiging van apartheid wil die ontheemde gemeenskappe en die Universiteit Stellenbosch (US), die huidige eienaar van die gebou, graag uitvoering gee aan die nasionale prioriteite van versoening, restitusie en sosiale geregtigheid om die onreg wat die apartheidstelsel veroorsaak het te help regstel. Dít sluit in om die gebruik van die Ou Lückhoffskool-perseel terug te gee aan diegene wat hoofsaaklik die gebou vir hulle skoolonderwys gebruik het en weens die vorige bestel daarvan ontneem, onder dwang verskuif en ontheem is.

1.3 Die begunstigdes van die hergebruik van die Ou Lückhoffskool-perseel is soos volg:
Primêre begunstigdes – die gesinne wat onder dwang na Cloetesville, Idasvallei en Kayamandi verskuif is; alumni, onderwysers en hulle nasate, waar in die wêreld hulle ook al is
Sekondêre begunstigdes – alle ander gemeenskappe in en om die wyer Stellenbosch-streek

### 2. MISSIE

2.1 Die missie van die Ou Lückhoff-beheerraad (OLBR) is om die Ou Lückhoffskool-bate ’n nuwe doel te gee sodat dit gebruik kan word vir die stimulering, aanmoediging, fasilitering, bevordering en koördinering van:

- 2.1.1 gemeenskapskakeling, -ontwikkeling en -herstel, mense-ontwikkeling, en verenigende inisiatiewe en strategieë;
- 2.1.2 programme wat beoog om sosiale geregtigheid en gelykheid teweeg te bring, menswaardigheid te herstel, en maatskaplike samehang, voortdurende leer en groei sowel as sosio-ekonomiese voorspoed te verseker, veral vir diegene wat benadeel is deur die onreg wat die apartheidsbestel ingevolge die Groepsgebiedewet gepleeg het, en vir hulle nasate.

2.2 Sodoende sal die OLBR lewensvatbare, verenigde en florerende gemeenskappe en gesinne help skep en die oneindige potensiaal van ál ons mense op ’n holistiese en herskeppende manier ontsluit.

2.3 Die OLBR sal beheer en toesig uitoefen oor die programme wat in en vanuit die Ou Lückhoffskool bedryf word en op die fokusgebiede van die OLBR val. Die organisasie sal ook verslae ontvang en beleid formuleer.

2.4 Die daaglikse bestuur en implementering van programme wat op die fokusgebiede van die OLBR val, is die verantwoordelikheid van ’n uitvoerende en ’n bedryfspan wat saamgestel sal word uit die personeel van die verskillende programme/sentrums wat in die Ou Lückhoffskool bedrywig is. Hierdie programme/sentrums sal bestaan uit personeellede

van die Afdeling Sosiale Impak, akademiese en professionele steundienstepersoneel van die US, en gemeenskapslede.

## 3. VISIE

3.1 Die Ou Lückhoffskool-perseel sal 'n lewendige spilpunt wees van waar hoop geskep, bevorder en gefasiliteer word deur die voorsiening van innoverende, kreatiewe, samewerkende en unieke plaaslik gedrewe oplossings wat elders uitgebrei en/of gedupliseer kan word.

3.2 Dit sal 'n plek wees vir berou, gemeenskapsbou en genesing deur ons verdeelde plaaslike geskiedenis te herbou tot 'n gemeenskaplike toekoms wat deur geregtigheid, hoop en gelykheid gekenmerk word.

3.3 Stellenbosch sal 'n toonaangewer en model wees van internasionale beste praktyk met betrekking tot berou, versoening, restitusie, regstelling, sosiale geregtigheid, en die herstel van menswaardigheid.

## 4. WAARDES

Die OLBR onderneem om in die uitvoering van sy pligte die volgende algemeen ooreengekome etiese en morele waardes te handhaaf en uit te leef:

4.1 Diversiteit en inklusiwiteit
4.2 Deernis en responsiwiteit
4.3 Verantwoordbaarheid en verantwoordelikheid
4.4 Deursigtigheid en eerlikheid
4.5 Wedersydse respek en vertroue
4.6 Uitnemendheid en vrye wil
4.7 Eienaarskap en toeganklikheid
4.8 Billikheid en gelykheid

## 5. FOKUSGEBIEDE

Hier onder volg die belangrikste gebiede waarop die OLBR sal konsentreer om die suksesvolle verwesenliking van sy missie en visie te verseker:

5.1 Leer en groei (sowel akademies as beroepsgerig) om menslike potensiaal te ontsluit en vermoë te bou wat 'n impak oor geslagte heen kan hê en sodoende 'n instaatstellende omgewing sal skep
5.2 Die bou van wedersyds voordelige vennootskappe en samewerking
5.3 Die bevordering en aanmoediging van versoening en maatskaplike samehang
5.4 Die bevordering en versekering van sosiale geregtigheid en restitusie
5.5 Leierskap en goeie, etiese beheer/bestuur
5.6 Fondswerwing en finansiële bestuur
5.7 Doeltreffende en doelmatige bedryfstelsels om 'n instaatstellende omgewing te skep
5.8 Die herstel en instandhouding van die bate (byvoorbeeld gebou-infrastruktuur)

## 6. VENNOOTSKAPPE

Die OLBR sal samewerkende vennootskappe bevorder, aanmoedig en vorm met die volgende entiteite, organisasies en/of sektore wat ’n bydrae kan lewer tot die belangrike werk om ’n impak op toekomstige geslagte te hê:

6.1 Openbare sektor in internasionale, vastelands-, nasionale, provinsiale, distriks- en plaaslike verband: Staatsdepartemente, staatsondernemings, hoofstuk 9-instellings, die verskillende vlakke van regering (veral plaaslike regering, wat die wet toepas), wetgewende instellings (sowel nasionaal as provinsiaal), regsinstellings, internasionale staatsagentskappe

6.2 Privaat sektor: Sake-ondernemings (veral dié wat baat gevind het by gedwonge verskuiwings)

6.3 Burgerlike samelewing: Plaaslike gemeenskappe (veral dié wat self onder dwang verskuif is – direkte begunstigdes), nieregeringsorganisasies, geloofsgebaseerde entiteite, bewegings en netwerke (voorspraak, skakeling, ensovoorts), gemeenskapsgebaseerde organisasies, finansieringsagentskappe, media-agentskappe

6.4 Sport-, kuns-, kultuur- en ontspanningsektor: Federasies, verenigings, sosiale klubs, sportklubs, professionele entiteite, sportrade

6.5 Toerismesektor: Toerismerade, toerisme-organisasies (met én sonder winsoogmerk)

6.6 Onderwyssektor: Hoëronderwysinstellings (d.w.s. universiteite, kolleges vir verdere onderwys en opleiding, ensovoorts), skole (hoërskole, laerskole en vroeëkindontwikkelingsentrums), sektorale onderwys-en-opleidingsowerhede, internasionale leerinstellings

6.7 Landbousektor: Kommersiële boerdery-entiteite, entiteite vir landelike ontwikkeling

## 7. SAMESTELLING VAN RAAD

Die raad van die OLBR sal uit verteenwoordigers van die volgende entiteite en/of georganiseerde groeperinge bestaan:

7.1 Lückhoff-alumniforum

7.2 Die huidige Hoërskool Lückhoff (hoof)

7.3 Hoërskool Cloetesville (hoof)

7.4 Hoërskool Kayamandi (hoof)

7.5 Hoërskool Stellenbosch (hoof)

7.6 Hoërskool Stellenzicht (hoof)

7.7 Die Stellenbosch Vlakte-forum

7.8 Godsdienstige forums

7.9 Gesamentlike Bestuursforum

7.10 Die US se Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel, die Senior Direkteur: Sosiale Impak en Transformasie, en die Direkteur: Sosiale Impak

7.11 Stellenbosch Munisipaliteit

7.12 Enige ander mense/groepe wat direk geraak word

7.13 Die OLBR kan van tyd tot tyd persone met die vereiste vaardighede of ander eienskappe koöpteer. Sodanige persone moet formeel deur lede van die raad benoem word.

## 8. GEWONE RAADSVERGADERINGS

Die gewone vergaderings van die raad word ten minste een keer ’n kwartaal gehou.

**9. SPESIALE RAADSVERGADERINGS**

9.1 ’n Spesiale raadsvergadering word buite die normale of gewone vergaderings gehou.
9.2 Die raad of ten minste twee derdes van lede kan ’n spesiale raadsvergadering van die organisasie versoek.
9.3 Spesiale raadsvergaderings kan belê word wanneer die raad ’n mandaat of leiding van lede nodig het met betrekking tot kwessies wat dringend aandag verg en nie tot die volgende gewone vergadering kan oorstaan nie.

**10. KENNISGEWING VAN VERGADERINGS**

10.1 Die voorsitter van die raad belê alle vergaderings.
10.2 Die sekretaris moet alle raadslede binne ’n redelike tyd van die datum van die voorgestelde vergadering in kennis stel, dog minstens sewe dae vooraf. Wanneer ’n algemene jaarvergadering belê word, moet alle lede van die organisasie egter minstens veertien dae vooraf kennis ontvang.
10.3 Kennisgewing van alle vergaderings waarvoor hierdie reglement voorsiening maak, moet die tersaaklike lede skriftelik bereik, hetsy persoonlik, deur die pos of elektroniese kommunikasie, of op watter manier ook al gerieflik is, by die adres of ander soortgelyke besonderhede wat die lid voorsien.
10.4 Die kennisgewing van enige vergadering moet aandui om watter rede(s) die vergadering belê is en watter sake daar bespreek sal word.

**11. KWORUM VIR VERGADERINGS**

11.1 Die kworum vir alle vergaderings van die organisasie is ’n gewone meerderheid (50% + 1) van die betrokke lede wat die vergadering moet bywoon.
11.2 Om veranderinge aan hierdie reglement te oorweeg, moet twee derdes (⅔) van lede egter aanwesig wees om ’n kworum uit te maak.
11.3 Alle vergaderings van die organisasie moet ’n kworum bereik voordat dit kan begin. Indien ’n kworum egter nie binne vyftien minute ná die aangeduide aanvangstyd van die vergadering bereik word nie, moet die vergadering verdaag of uitgestel word tot ’n ander datum binne die volgende veertien dae. Indien daar by sodanige volgende vergadering ook nie binne vyftien minute ná die aangeduide aanvangstyd ’n kworum aanwesig is nie, word die aanwesige lede as ’n kworum vir daardie vergadering beskou en gaan die vergadering voort asof ’n kworum bereik is.

**12. PROSEDURES BY VERGADERINGS**

Die raad kan sy vergaderings en verrigtinge na eie goeddunke reël, op voorwaarde dat:
12.1 die voorsitter alle vergaderings van die organisasie, waaronder dié van die raad, lei;
12.2 indien die voorsitter afwesig is, die ondervoorsitter sodanige vergadering lei; en
12.3 ingeval sowel die voorsitter as ondervoorsitter afwesig is, die aanwesige raadslede by die vergadering ’n voorsitter vir daardie vergadering kies.

**13. BESLUITNEMING BY VERGADERINGS**

13.1 Waar dit moontlik is, moet die besluite van die organisasie op konsensus berus.

13.2 Waar daar egter geen konsensus is nie, sal lede geleentheid ontvang om die verskillende moontlikhede te bespreek, waarna stemming sal plaasvind. Alle stemme word getel, en die meerderheidstem oor ’n kwessie word as die besluit van die vergadering beskou.
13.3 In geval van ’n gelykopstemming het die voorsitter van daardie vergadering hetsy ’n tweede of ’n beslissende stem.
13.4 Alle lede moet hulle by die meerderheidsbesluit neerlê.

**14. REKORDS VAN VERGADERINGS**

14.1 Behoorlike notules en bywoningsregisters moet van alle vergaderings van die organisasie gehou word.
14.2 Die notule van elke vergadering word by die volgende vergadering van die raad of van algemene lede, na gelang van omstandighede, as ’n ware weerspieëling van verrigtinge bevestig, waarna die voorsitter dit onderteken.
14.3 Alle notules word daarna veilig bewaar en moet altyd beskikbaar wees sodat lede dit kan raadpleeg.

**15. ALGEMENE JAARVERGADERING**

15.1 Die OLBR beoefen openbare verantwoordbaarheid deur middel van ’n algemene jaarvergadering.
15.2 Alle belanghebbendes van die organisasie moet die algemene jaarvergaderings bywoon.
15.3 Die doel van ’n algemene jaarvergadering is:
- 15.3.1 om ampsdraers ’n geleentheid te bied om aan belanghebbendes verslag te doen oor prestasies en werk oor die afgelope jaar;
- 15.3.1 om enige wysigings aan hierdie reglement aan te bring;
- 15.3.3 om lede in staat te stel om oor die beleide van die organisasie te besluit.

15.4 Die algemene jaarvergadering moet een maal per jaar aan die einde van die organisasie se boekjaar gehou word.
15.5 Die organisasie moet onder meer die volgende sake by sy algemene jaarvergadering hanteer:
- 15.5.1 Aanvaar die agenda
- 15.5.2 Teken aan wie aanwesig is en wie vooraf verskoning gemaak het
- 15.5.3 Lees en bevestig die vorige vergadering se notule, met sake wat daaruit voortspruit
- 15.5.4 Voorsitter se verslag
- 15.5.5 Tesourier se verslag
- 15.5.6 Enige moontlike veranderinge aan die reglement
- 15.5.7 Kies nuwe ampsdraers. Die OLBR kies uit eie geledere ’n voorsitter, ondervoorsitter, sekretaris en tesourier. Die ampsdraers dien vir ’n termyn van drie jaar.

**16. WYSIGINGS AAN DIE REGLEMENT**

16.1 Die reglement kan slegs deur middel van ’n amptelike besluit gewysig word.
16.2 Minstens twee derdes (⅔) van die lede wat by die algemene jaarvergadering aanwesig is, moet oor die besluit ooreenkom en dit aanvaar.
16.3 Lede moet by hierdie vergadering stem om die reglement te wysig.
16.4 Om veranderinge aan die reglement te oorweeg, moet twee derdes (⅔) van lede aanwesig wees om ’n kworum uit te maak.

16.5 Skriftelike kennisgewings moet uitgestuur word ten minste veertien dae voor ’n vergadering waar wysigings aan die reglement voorgelê sal word. Die kennisgewing moet aandui watter voorgestelde wysigings aan die reglement by die vergadering bespreek sal word.